Vroue Bybelstudie

Dit is Dinsdagoggend - daar heers ‘n opgewondenheid by die kerk! Een-vir-een kom hulle daar aan - dis nou die vrouens. En dis ‘n gegroetery van ‘n ander wêreld, want hulle het mekaar Sondag laas gesien! Dit kekkel en dit kloek en dit gesels dat hoor en sien vergaan!

Die dames van die Vroue Bybelstudiegroep is beste vriendinne, want daar is ‘n hegte band wat ons saamsmee: die band van Jesus Crustus.

As die leidster (dis nou Zelda) dit uiteindelik reggekry het om almal tot bedaring te roep, word die sangbundeltjies nader getrek. En die soet klanke van hemelse sang vul die kerkgebou. Uit die hart uit borrel die liedere, en as Ds. Gert daar is, smelt die pragtige kitaarklanke saam met die sang om ‘n hemelkoor te vorm.

Maar dan kom die ernstige sake: Bybelstudie. Dis mos waarvoor ons éintlik hier is. Onder die bekwame leiding van een van die gemeente se “Skrifgeleerdes” word daar gedelf in die ryk skatkis van die Bybel. Elkeen om die tafel kry kans om haar vraag te kan vra of ‘n stuiwer in die armbeurs te kan gooi.

En wanneer ons later - natuurlik eers na ‘n heerlike koppie tee en nog baie meer geklets - huiswaarts keer, is elkeen gevoed met kennis uit die Woord en is die liefde in elke hart weer opnuut warm gemaak..

Jy word hartlik uitgenooi om deel te kom wees van ons groep. Die enigste voorwaarde is dat jy ‘n dame is (Jammer manne!)

Tyd: Dinsdagoggend 09:00
Organiseerder: Zelda Smith.
Tel: 0726992387 of 032-9461634
E-pos: ollieenzelda@webmail.co.za

Blaai Om Asseblief - -➤

Manne Biduur

Klokslag elke Woensdagoggend staan hulle voor die kerk - die manne van Ballito. Hier is dit weer suiwer ‘n man-ding, en die dames is gladnie welkom nie (buiten as jy spesiaal uitgenooi is natuurlik!)

Ja, en soos die dames, kan ons ook sing (nou nie heeltemal so melodieus nie!) Maar die manne se sang kom uit die hart. Na ‘n kort boodskap of bespreking of soms ‘n musiekoggend, kom ons by die belangrike deel: Gebed. Gebed is die geestelike asemhaling van elke gelowige. Daar word genoeg tyd gegee vir elkeen om te kan bid en sy hart uitstort voor die Here. Ons doen voorbidding vir sake waar dit nodig is en ons maak ons harte oop vir God.

Die Manne van Ballito nooi jou hartlik uit om te kom deelneem.

Tyd: Woensdagoggend 06:25 tot 07:00
Organiseerder: Wille Voges
Tel: 0723320192 of 032 946 1083
E-pos: willie@altonet.co.za

Waterberry Manne Groep

Elke Vrydagoggend om 06:45 kom ‘n klomp manne van alle denominasies bymekaar by die Waterberry Restaurant om saam te bid en saam te gesels. Hierdie aksie word nie deur NG Kerk Noordkus georganiseer nie, maar ons gemeente ondersteun dit, en etlike van ons manne is gereelde besoekers daar.

Ons skop af met ‘n koppie koffe en die heerlikste kraakvars kaasmuffins. Daarna word daar saam gebid, en dan lei iemand ‘n onderwerp in vir die oggend. En dan gons dit behóórlik soos elkeen ‘n beurt soek om sy mening te lug.

Dit is ‘n belewenis om te kan saamgesels met manne van regoor die geloofspektrum - van streng gereformeerd tot uiters “happy-clappy.”

Tyd: Vrydagoggend 6:45
Organiseerder: Claude Robert
Tel: 032 947 1132 of 083 251 9181
E-pos: www.robertgroup.co.za
Koste: R20 (Dit gaan vir liefdadigheid)